# BEGRIP VIR DIE besigheid van Remgro

## Begrip vir Remgro se statutêre rapportering oor netto wins

Ten einde Remgro se kontantgenererende proses te verstaan, moet sy gerapporteerde resultate eerstens verstaan word.

Remgro se statutêre gerapporteerde netto wins bestaan hoofsaaklik uit die volgende:

- Gekonsolideerde resultate van sy bedryfsfiliale, naamlik RCL Foods, Wispeco, Siqalo Foods en Capevin;
- Geëkwiteerde resultate van sy beleggings in geassosieerdes en gesamentlike ondernemings, bv. Mediclinic, OUTsurance Group, CIVH, Heineken Beverages, Air Products en TotalEnergies;
- Wins/verlies met die realisasie van beleggings;
- Netto waardedaling van beleggings;
- Dividende ontvang van onderliggende beleggings en wat nie as filiale, geassosieerdes en gesamentlike ondernemings geklassifiseer is nie, bv. FirstRand, Discovery en Momentum Metropolitan, die Milestone China Fondse en die Pembani Remgro Infrastruktuurfonds;
- Rente ontvang;
- Rente betaal;
- Netto korporatiewe koste, insluitende vergoeding en ander voordele betaal aan werknemers; en
- Belasting.




Kapitaal is duur en nie onbeperk nie. Aangesien ons met 'n onseker toekoms te doen het, vererger deur huidige globale ekonomiese en geopolitieke druk en uiteraard kapitaaltoewysingsbesluite op sekere aannames oor die toekoms grond, moet ons omsigtig wees en in ons beleggingsbesluite 'n marge van veiligheid handhaaf.

Dit is belangrik om gedissiplineerd in ons toewysing van kapitaal te wees, dit te monitor en, indien nodig, vinnig en beslissend op te tree. 'n Groot deel van Remgro se suksesvolle waardeskeppingsrekord is toe te skryf aan sy vermoë om beleggings, met 'n mengsel van jong groeiondernemings, netwerkbates en meer gevestigde kontantgenererende maatskappye, te balanseer ten einde voortreflike opbrengste vir aandeelhouers by wyse van volhoubare dividende en kapitaalgroei te verseker.

In opvolging van die verbintenis in 2021 om omgewings-, maatskaplike en bestuurs (ESG)-kwessies volhoubaar deel van sy korporatiewe strategie te maak, fokus Remgro steeds op die kritieke rol van verantwoordelike rentmeesterskap in die bestuur van sy bates en die najaag van nuwe beleggings met die oog daarop om volhoubare finansiële opbrengste te lewer, terwyl bygedra word tot positiewe, meetbare maatskaplike en omgewingsimpakte ten einde gedeelde waarde aan alle belanghebbendes te verskaf. Remgro se ESG-beleggingsraamwerk verskaf duidelike riglyne vir kapitaaltoewysingsbesluite in ooreenstemming met sy ESG-strewe om omgewings-, maatskaplike en ekonomiese verandering regdeur ons ekosisteem te skep.

## Beleggingshouermaatskappy


**Remgro streef daarna om onderliggende beleggings in staat te stel om hul groeistrategieë en teikens te bereik en sodoende gedeelde waarde vir alle belangegroepe oor die lang termyn te skep. Die ondersteuning wat ons bied, ongeag die vlak van beïnvloeding, sluit in:**

- Strategiese insette
- Kapitaaltoewysing
  - Geduldige finansiële kapitaal om groeistrategieë te bevorder
  - Vervaardigingskapitaal
  - Menslike kapitaal by wyse van bestuursondersteuning
  - Verhoudingskapitaal in die identifisering van geleenthede
  - Intellektuele kapitaal
  - Verantwoordelike beleggingsbeginsels wat in die lewensiklus van 'n belegging geïntegreer word om ESG-prestasie te verbeter
  - ESG-beginsels, teikens en openbaarmakingsriglyne
- Transaksievermoë (omgewing vir korporatiewe transaksies)
- Gedesentraliseerde bestuursbenadering
- Tesouriedienste (soos benodig)
- Interne oudit en risikodienste (soos benodig)
- Formele en informele verbintenisse, waardeur onderliggende beleggings geleenthede gebied word om voordeel uit 'n wyer netwerk te trek

### Beleggings

Die waarde en prestasie van onderliggende beleggings, eerder as die bedrywighede op houermaatskappyvlak, sal in 'n groot mate die waarde bepaal vir houermaatskappy-aandeelhouers, hoewel transaksiebeklinking op houermaatskappyvlak ook aansienlike waarde kan byvoeg.

## Die beste benadering tot Remgro se wins op houermaatskappyvlak (by die kern) behels:




Gegewe die aard as 'n beleggingshouermaatskappy, en die aansienlike kontant wat beskikbaar is en bestuur word, word die beheer van tesourierisiko's as baie belangrik beskou. Dit word in meer besonderhede in die hoof finansiële beampte se verslag op bladsy 28 behandel.

### Uitkerings aan aandeelhouers

Kontantuitkerings word befonds uit dividendinkomste en rente ontvang by die kern. Ons doel ten opsigte van normale dividende is om aan aandeelhouers 'n konstante jaarlikse dividendvloei te voorsien wat hulle ten minste teen inflasionêre druk sal beskerm. Soos in die verlede, evalueer Remgro deurlopend die geskiktheid van ander uitkerings in die vorm van spesiale dividende, terugkoop van aandele of die ontbondeling van beleggings aan aandeelhouers oorweeg.

## Beoordeling van sukses deur intrinsieke waarde

Remgro beoordeel sy vertoning verder aan die hand van die toename in sy intrinsieke netto batewaarde. Dit meet die groei in die waarde van die onderskeie onderliggende beleggings, gemeet aan die genoteerde markwaarde of, in die geval van ongenoteerde beleggings, deur die beginsels van *IFRS 13: Billike Waarde Meting* toe te pas. Verwys na die hoofuitvoerende beampte se verslag op bladsy 21 vir 'n meer gedetailleerde ontleding van Remgro se intrinsieke netto batewaarde, waar kortliks verwys word na die verskille tussen 'n *IFRS 13*-waardasie en 'n transaksie-waardasie.